Gimmie Griffie

13 Oktober 2017

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 32***

GEAGTE OUERS

Baie welkom terug na die kort vakansie. Almal word sterkte toegewens vir 'n besige vierde kwartaal. Baie geluk aan almal wat die vakansie pragtig presteer het.

Baie sterkte aan al die matrikulante en hulle ouers met die eindeksamen wat volgende week begin. Ons bid julle seën en sukses toe.

Belangrike reëling: Alle matrikulante moet asseblief tot Vrydag 13 Oktober by die skool wees. Dit is uiters belangrik dat almal hier moet wees aangesien ons:
1. die rapporte uitdeel,
2. finale eksamen-administrasie doen
3. en hulle registrasie-dokumente (wat in elke vraestel gebruik word) sal uitdeel.

Maandag en Dinsdag moet Wiskunde-, Fisiese Wetenskap- en Lewens-wetenskap-leerders hier wees. Die betrokke personeel van hierdie vakke sal individuele reëlings tref.

Dinsdagaand 17 Oktober om 18:00 is die matrieks se erediens en prysuitdeling in die skoolsaal. **Alle** matrikulante en hulle ouers word uitgenooi – woon dit asseblief by – dit is 'n pragtige laaste geleentheid by die skool.

Die res van die skool het reeds hulle eksamenrooster ontvang. Graad 8 tot 11 moet tot 24 Oktober by die skool wees. Indien ouers die kinders by die huis laat studeer, moet u asseblief die skool skriftelik of per e-pos in kennis stel. Ons versoek dat leerders vir alle vraestelle teenwoordig sal wees. Geen ver-skonings vir vakansiereëlings, goed-koop vlugte, saamrygeleenthede ens. kan toegestaan word nie. Indien 'n leerder 'n vraestel mis sonder 'n **wettige** rede, word 'n nul toegeken.

Baie sterkte vir die eerste-, tweede- en derde krieketspanne wat in die NW-finaal speel – ons hou duim vas vir julle.

Ons versoek alle ouers baie ernstig om asseblief alle uitstaande skool- en koshuisgelde te betaal. Die reëling is dat alles teen einde Oktober afgehandel moet wees. Ons nooi ouers ook nou reeds vir die jaarlikse ouervergadering op 15 November om 18:00 in die skoolsaal. Die begroting en enkele ander sake sal hanteer word.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 16 Oktober
Swem: Interhuis 14:00
Seunshokkie: Prysuitdeling en vergadering

Dinsdag 17 Oktober
Matriekprysuitdelingsaand 17:45
Landloop: Liga 3 (Potch)

Woensdag 18 Oktober
Loopbaanuitstalling
BWI/REK-opedag (gr. 11)

Donderdag 19 Oktober
Swem: Potch Prestige-swemgala (GHS)
Herald NWU-PUK Sportster van die jaar funksie

Vrydag 20 Oktober
Atletiek: PUK Top 30 (McArthur)
Tennis: Uitspele o/12 & o/14

Saterdag 21 Oktober
Krieket: Noordvaal kwartfinaal
NW-seunshokkie: Bosberaad
Atletiek: PUK Top 30 (McArthur)
Tennis: Uitspele o/12 & o/14 (o/17 per uitnodiging)

RTT-EKSAMEN GRAAD 12
Maandag 16 Oktober 2017

Groep 1:	07:25 by K.13
Groep 2:	10:30 by K.59

RUGBY

Baie geluk aan Anelka Barends wat vir SARU se o/17-sewesoefengroep gekies is. Dié oefengroep gaan later vandeesmaand na Stellenbosch vir 'n oefenkamp onder leiding van Marius Schoeman.

BERGFIETSRY

Die volgende bergfietsryers het tydens die Spur nasionale kampioenskappe puik presteer: Joné van Eeden, Natasha Roets, Kirsten Pieters, Danielle Strydom, Stephan Terblanche, Brendan van Eeden, Lehan Janse van Vuuren en Armand van der Merwe. Die span het algeheel die derde plek behaal.

Die volgende dogtersbergfietsryspan het hul titel as SA-kampioene suksesvol verdedig deur vanjaar weer die Spur nasionale kampioenskappe te wen: Joné van Eeden, Danielle Strydom en Natasha Roets.

Danielle behaal die eerste plek in die junior-dogtersafdeling en Joné behaal die derde plek in die jeugdogtersafdeling (o/15).

Baie geluk, Gimmies is trots op julle.

WêRELDKENNIS-OLIMPIADE

Leerders in graad 12 moet 75% behaal om meriete te ontvang. Joshua Visser het die beste met 65,29% gevaar. Kort op sy hakke was Dewalt van der Walt en Leigh Anne Kock met 64%.

By die graad 8 en 9's het die volgende leerders meriete ontvang deur 60% en meer te behaal: Lukas Esterhuizen, Annemarie Hoffman en Jürgen Peters. Alle leerders van graad 8 tot 12 skryf dieselfde vraestel. Baie geluk.

SASIMA

Baie geluk aan me. Prinsloo en die redaksie. Die Sasima is aangewys as die derde beste gedrukte sowel as die digitale koerant in die Beeld se verspreidingsarea en sesde nasionaal.

TONEEL

Gimmies se toneelstuk, *My Planeet,* is tydens Aardklop as die wenstuk aangewys. Behalwe vir die puik prestasie om as die wentoneelstuk aangewys te word, spog hulle ook met die beste regisseur (PA Viviers), aktrise (Zandelle Meyer), akteur (Christo Horn) en tegniese span (Christi Olivier en Dian-Louw Niesing).

SEUNSHOKKIE

Maandagaand 16 Oktober vind die seuns-hokkieprysuitdeling om 18:00 in die skoolsaal plaas. Na die verrigtinge sal daar ligte verversings wees waarna die beplanningsvergadering vir 2018 sal plaasvind. Sake wat hanteer sal word, is onder andere toere vir volgende jaar. Dit is belangrik dat u as ouer saam besluite sal neem oor die toekoms van seuns-hokkie.

Die eerstespan moet asseblief 'n *chino* met TK-opwarmingshemp aantrek. Die res van die spelers moet 'n denim (lang- of kortbroek) met speelhemp aantrek. Indien dit koud is, moet die eerstespan die TK grys langmou toppie aantrek en die res van die spelers die Glotron blou *hoody's*.

NOORDWES-HOKKIE

Die NW-hokkiebestuur nooi alle ouers na die bosberaad van 2018 uit. Dit vind op Saterdag 21 Oktober 2017 vanaf 09:00 tot 13:00 in die Gimmieraadkamer plaas. U teenwoordigheid sal hoog op prys gestel word.